Verwysing: 20210316-1675
Lêerno.: 13/3/2
Navrae: C Abrahams

Eksamenadministrasieminuut: 0001/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distriks-kantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumonder-steuning, Kringbestuurders, Bestuurders: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonder-wyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike skole wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Verifikasie van graad 12-leerders se registrasie-inligting op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen

1. Ooreenkomstig instruksies van die Departement van Basiese Onderwys, moet graad 12-leerderinligting op die nasionale eksamenstelsel aangeteken word.

2. Hierdie minuut moet saamgelees word met Omsendbrief 0018/2018 van 06 Desember 2018 en Kennis- en Inligtingsbestuursminuut 0003/2021 van 10 Februarie 2021 wat die bestuur en administrasie van leerders se vakveranderinge op SOBIS bespreek.

3. Leerderinligting op SOBIS sal onttrek en vir eksamendoeleindes na die nasionale eksamenstelsel oorgedra word. Alle vraestelle en eksamenverwante dokumentasie sal verpak en volgens die SOBIS-data wat deur prinsipale afgeteken is, aan skole versprei word.

4. Skole het tot **Maandag, 29 Maart 2021** die geleentheid om die persoonlike besonderhede van hul leerders op SOBIS reg te stel. Die funksionaliteit op SOBIS is oopgestel vir skole om hierdie regstellings aan te bring.

5. Dit sal die laaste geleentheid vir skole wees om enige regstellings aan die graad 12-leerderinligting op SOBIS te maak voor die data na die nasionale eksamenstelsel oorgedra word.

6. Skole sal die verifikasieproses uitvoer, dit afteken en 'n verslag aan amptenare by Hoofkantoor stuur om te verifieer dat alle leerderinligting op SOBIS korrek en gereed is om na die nasionale eksamenstelsel oorgedra te word.

7. Prinsipale moet leerderinligting verifieer, dit afteken en hul nakomingsertifikaat (**Bylae A**) teen **Maandag, 29 Maart 2021** indien.

8. **Verifikasie van leerderinligting**

8.1 Die **identiteitsnommer** van 'n leerder is 'n **verpligte veld**, aangesien die nasionale eksamenstelsel leerders sonder identiteitsnommers afkeur. Leerders sonder identiteitsnommers ontvang nie 'n NSS nie. Dit is dus belangrik dat alle leerders in graad 10 aansoek doen om hul identiteitsdokumente. Die geboortesertifikaat-nommer moet intussen gebruik word.

8.2 Leerders wat **nieburgers** is (**ingeslote immigrante**), moet 'n geldige paspoort en/ of studiepermit hê. Asielsoekers se dokumente sal aanvaar word. Nieburgers wat tans deel van die Suid-Afrikaanse skoolstelsel is, maar nie die vereiste dokumente het om vir die NSS-eksamen in 2021 te registreer nie, sal toegelaat word om vir die eksamen te registreer, maar hulle NSS sal nie aan hulle uitgereik word voordat geldige dokumente gelewer is nie.

8.3 Gaan die spelling van volle name en vanne van leerders na. Dit behoort te wees soos dit op die leerder se identiteitsdokument/geboortesertifikaat/paspoort verskyn.

8.4 Indien leerders hulle name en vanne verander **gedurende** of **binne** 90 dae nadat hulle hul graad 12 NSS-eksamen afgelê het, of ná die oordrag vanaf SOBIS na die nasionale eksamenstelsel, moet gewaarmerkte afskrifte van hulle ou en nuwe identiteitsdokumente en 'n beëdigde verklaring waarin die redes vir die veranderinge wat gemaak is, gemeld word, aan die aangewese eksamenamptenare wat in **Tabel 1** gelys is, gestuur word.

8.5 **Die selfoonnommer van 'n leerder se ouer/voog is 'n verpligte veld.** Die Wes-Kaap Onderwysdepartement maak van SMS-dienste gebruik om belangrike eksamen-verwante inligting aan leerders oor te dra.

8.6 Leerders met spesiale behoeftes wat verkies om vir die geëndosseerde NSS-eksamen in te skryf en minder as sewe vakke aanbied, moet as sodanig op SOBIS aangedui word.

8.7 'n Afskrif van die ondertekende **Bylae A** moet geskandeer en per e-pos aan die aangewese amptenare in u distrik wat in **Tabel 1** gelys is, gestuur word.

TABEL 1

DISTRIK	VERANTWOORDELIKE AMPTENAAR	TEL.NO.	E-POS
Metro-Noord	Johnnie Isaacs Ruth Hope	021-4672974 021-4672518	Johnnie.Isaacs@westerncape.gov.za Ruth.Hope@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Gail Laguma Farrel Jacobs	021-4672913 021-4672893	Gail.Laguma@westerncape.gov.za Farrel.Jacobs@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Gideon Dilgee Silumko Joko	021-4672941 021-4672519	Gideon.Dilgee@westerncape.gov.za Silumko.Joko@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Shannon Doolings Peggy Thomas	021-4672964 021-4672930	Shannon.Doolings@westerncape.gov.za Peggy.Thomas@westerncape.gov.za
Weskus	Patricia Liguma Robin Jacobs	021-4672936 021-4672940	Patricia.Liguma@westerncape.gov.za Robin.Jacobs@westerncape.gov.za
Kaapse Wyland	Lindsay Weber	021-4672732	Lindsay.Weber@westerncape.gov.za
Overberg	Patricia Liguma Elmarie Du Toit	021-4672936 021-4672920	Patricia.Liguma@westerncape.gov.za Elmarie.DuToit@westerncape.gov.za
Eden en Sentraal Karoo	George Valentine	021-4672978	George.Valentine@westerncape.gov.za

9. Hierdie minuut moet aan alle graad 12-koördineerders en SOBIS-administrateurs oorhandig word.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-03-18